

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-04-08

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 58

(Bladsye 3000 - 3054)

HOF HERVAT OP 8 APRIL 1986.

COURT : Mr Bizos, are all the accused here?

MR BIZOS : Except for accused no. 22.

COURT : I seem to recall that at some stage a document was handed in by Mr Tip which was not signed I think by accused no. 8 who was in the hospital at the time. I think I will hand it back to you at some stage and you can have that done.

MR BIZOS : Yes, Mr Tip is in the immediate vicinity.

COURT : He can obtain that document from my registrar. Furthermore I would like to announce that as I have to hear an (10) application for leave to appeal this afternoon in the Supreme Court of Pretoria, the Court will not sit this afternoon and we will adjourn at 12h45.

NICOLAAS PRINSLOO LOUW, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Louw, in u hoofgetuienis het u melding gemaak van BEWYSSSTUK AAT(12). Dit is die dokument wat die verskillende punte het wat sou gebeur het by die vergadering van 5 September. Kan u onthou? -- 5 September? Ek het nie 'n vergadering van 5 September nie. Kan ek net verneem watter vergadering word gemeld? (20)

HOF : Dit gaan om die notule wat hier ingehandig is by die Hof waarop u aantekeninge gemaak het van wie teenwoordig was. Dit het as opskrif "Meeting between the town clerk and the delegation from about 500 residents from Sharpeville on Wednesday, 5 September to discuss the rent issue." -- O nee, nou kom ek by. Baie dankie.

MNR. BIZOS : Het u nog 'n afskrif voor u? -- Ek het nie een voor my nie. Ek dink daar is 20 punte. Ek onthou dit baie goed.

Kan u vir ons sê presies wanneer u die dokument opge- (30) stel het? -- Hierdie dokument het ek opgestel die aand na 5

September. Ons het die vergadering in die loop van die dag gehad.

Het u notas gehad? -- Ek het notas gehad. Ek het notas geneem.

Het u die notas wat u gehad het gebruik om die dokument op te stel? -- Ek het dit so gebruik.

Dieselfde dag? -- Ja.

Ek wil u geheue verfris in verband met die gebeurtenis. Eerstens, u beskryf dit as "Meeting between town clerk and a delegation from plus-minus 500 residents from Sharpeville (10) on Wednesday, 5 September 1984 to discuss the rent issue." Is dit die korrekte beskrywing van daardie gebeurtenis? -- Dit is waaroor dit gegaan het.

Is dit 'n korrekte beskrywing van die gebeurtenis? -- "Toe discuss the rent issue." Dit is heeltemal korrek.

Ek wil aan u stel dat dit nie die rede was nie, maar dat daar 'n aantal mense, 'n baie groter groep as die 500 was wat u daar beskryf, saamgekom het in Sharpeville. Dit was ongeveer 2,000 mense. -- Ek het hulle nie getel nie. Ek het hulle so op 'n afstand gesien omtrent 'n kilometer van die (20) mense af. Volgens my waarneming het ek geskat plus-minus 500. Dit kon dalk 'n bietjie meer gewees het, maar ek weet nie hoe lyk 2,000 mense bymekaar nie.

Die persoon wat daar in beheer was, as ons dit so kan beskryf, was 'n senior polisie-offisier? -- Dit is kolonel Viljoen.

En hy het probeer om die groot aantal mense te oortuig om op 'n vreedsame manier op te tree. Kan u dit onthou? -- Ek is daarvan bewus.

En een van die gerugte wat daar rondgegaan het, was (30) dat beskuldigde nr. 3, eerwaarde Moselane, ontvoer was deur

vigilantes. Dat hy ontvoer was vanaf sy huis.

HOF : Weet u daarvan? -- Ek weet daarvan. Ons het na hom gesoek.

U het na hom gesoek? -- Wel kolonel - kan ek dit net so verduidelik. Kolonel Viljoen het my geskakel om te sê daar is 'n groot groep mense by Sharpeville, dit lyk asof hulle moles wil maak. Hulle wil graag met die Stadsklerk praat en hulle soek nou na dominee Moselane, want hulle het hom beskou, die groep het dominee Moselane beskou as een van hulle hoof sprekers en toe het hulle na hom gesoek en toe kon hulle (10) hom nie kry nie. So, ek is daarvan bewus.

MNR. BIZOS : En die mense het geglo of beweer dat eerwaarde Moselane voorheen aangeval was deur die raadslede? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dat sy huis en huisgesin met klippe gegooi was? -- Ek weet nie daarvan nie.

En party van hulle het beweer dat hy ontvoer was en party van hulle het beweer dat hy aangehou was? -- Dit mag so wees.

En die kolonel het gevra of daar enige persoon in die area is wat hulle as 'n verteenwoordiger wil hê. Kan u dit (20) onthou? -- Ek kan so iets onthou, maar ek het gesê in daardie stadium van die onluste kan ek nie spesifiek iemand aanwys nie. Ek het net gevra. Sy versoek aan my was dat ek met die skare moes kom praat. Toe sê ek nee, man, dit is te gevaarlik. Ek sien nie kans om op 5 September met 'n skare te praat nie. Laat ek 'n afvaardiging kry van om en by sewe of tien mense en dan sal ek met die afvaardiging praat.

En kan u onthou dat daar tussen 'n paar jong mense wat deel van die skare gevorm het en die kolonel besluit is dat die polisie na die huis van eerwaarde Benjamin Potolo, dit (30) is die eerste naam op BEWYSSSTUK AAT(12), sou gaan en hom te

spreek en vir hom te vra om ... -- Om in te kom. As ek my reg kan herinner het die kolonel vir my gesê hulle kan nie Moselane vind nie, maar daar is 'n versoek dat dominee Potolo, ook van die Anglikaanse Kerk, versoek sal word om die plek te neem van dominee Moselane, hoewel hy nie 'n Sharpeville inwoner is nie, hy kom van Evaton af, het ek gesê dit is goed, ek sal enige afvaardiging ontmoet.

In elk geval het u geweet dat eerwaarde Benjamin Potolo wel voorheen in Sharpeville gewoon het? -- In daardie stadium het ek dit nie geweet nie. Ek weet dit nou ook nog nie. (10)

Die polisie het hom gaan haal? -- Die polisie het hom gaan haal.

Een van die jong mense wat daar was, was toevallig sy seun Sepho Potolo, nr. 7 op die lys. -- Hy was ook daar.

Kan u onthou dat hy toe daar gekom het en hy het gevra wat die moeilikheid is en hy het gevra vir verlof om na die jong mense te gaan om met hulle te praat? -- Ek kan nie onthou dat hy vir my daarvan gevra het nie.

Kan u onthou dat hy aan die skare gesê het dat hy, dominee Potolo, as 'n kollega van eerwaarde Moselane weet dat (20) hy, Moselane, veilig is en hulle hoef nie daaroor bekommerd te wees nie? -- Ek weet nie wat hy vir die mense gesê het nie, vir die skare gesê het nie. Ek was nie by toe hy dit gesê het nie.

In elk geval, uiteindelik is daar sewe mense uit die skare wat gekom het en met u en die kolonel gepraat het? -- Dit is korrek. Ons was vier mense, die kolonel, ekself, die stadstesourier en die woongebiedbestuurder.

Hulle was nie alleen wat gepraat het nie. U het gepraat en die kolonel het gepraat, nie waar nie? -- Dit is korrek. (30)

Waar kom dit voor wat u gesê het en wat die kolonel gesê

het indien dit 'n notule van die vergadering is? -- Ek het dit nie spesifiek genotuleer nie, maar ek weet presies wat ek gesê het.

As iemand notas neem van wat gebeur en daar is 'n gesprek tussen twee groepe of tussen 'n aantal mense, sal u seer sekerlik neerskryf wat die vrae is en wat die antwoorde is om 'n regverdige skets te gee van wat daar gebeur het? -- Ek het kort notas geneem en ek het nie geweet dat hierdie weer eens een of ander tyd aan die komitee voorgelê sou word vir bekragting nie of aan 'n hof voorgelê sou word nie. Ek het net (10) vir myself notas gemaak van die groep se versoek aan my, alhoewel ek dit 'n notule noem, wat myself aanbetref, net kernnotas wat gekom het van die sewe mense aan my.

Ek is jammer om dit so aan u te stel, maar ek sal aan u stel dat die dokument lank na 5 September opgestel is en wil u hoor waarom? -- Ek sal graag wil hoor, ja.

Kyk byvoorbeeld na punt nr. 9 "Families must be able to visit the detainees in prison." -- Dit is wat gevra was. Dit is spesifiek wat daar gevra was.

Ek wil aan u stel dat dit het wel 'n geskilpunt geword (20) maar nie voor 'n groot aantal mense aangehou was nie. Verstaan u wat ek aan u stel? -- Ek verstaan dit baie goed. Ek wil aan u stel dat tussen 3 en 5 daar nie aangehoudenes was nie, daar was geen weiering om aangehoudenes te besoek nie. Dit het nie 'n geskilpunt tussen die mense van Lekoa en die owerhede geword nie. -- U moet onthou op Maandag, die 3de, het die onluste uitgebreek. Die 3de, die 4de en die 5de die middag het ek hierdie vergadering gehad en die mense en die skare het gesien dat die polisie deur die skare beweeg en hulle kon die aanneme gemaak het dat daar heelwat mense alreeds in (30) gevangenis is. Hulle het spesifiek gevra dat die families

die aangehoudenenes kon besoek en ek het dit so genotuleer.

Ek het dit so aangeteken.

Ek wil dit aan u stel dat eerwaarde Potolo en andere, as dit nodig is, sal getuig dat dit nie die geskilpunt was nie. -- Ek weet nie of dit 'n geskilpunt was nie. Dit was 'n versoek gewees en ek het 'n nota daarvan gemaak.

Dieselfde geld vir die volgende. Was daar enige begrafnis van enige van die slagoffers van die onluste alreeds gereël voor die 5de en was daar 'n weiering deur die owerhede om die mense toe te laat om die begrafnis by te woon? -- Dit was (10) in die middel van die onluste en kolonel Viljoen was saam met my in die vergadering en spesifiek aan hom gevra as daar nou begrafnisse sou plaasvind van mense wat in die onluste dood is, dit was 'n algemene versoek gewees, wil hulle graag vra dat die mense van Sharpeville kan stap in 'n groot formasie van Sharpeville af op die hoofweg deur, deur Sebokeng na Evaton wat om en by ek sou sê omtrent 16 kilometer ver was. Hulle het in die algemeen gevra, as daar mense sou doodgaan en daar is begrafnisse wou hulle in 'n massa stap van Sharpeville af na die begraafplaas toe. (20)

Wanneer was dit? -- Dit was op 5 September versoek gewees, gevra gewees.

Maar was daar enige begrafnis gereël? -- In daardie stadium was daar nog nie 'n begrafnis gereël nie, maar hulle kon dit antisipeer. Dit is waarom hulle dit versoek het.

Ek wil aan u stel dat daar geen gesprek was nie, maar wat wel gebeur het, ek wil aan u stel dat die dokument is seer sekerlik na die 5de opgestel en u was selektief in verband met wat u hierin geskryf het. U het alles uitgelaat wat u en die kolonel gesê het, nie waar nie? -- Ek het geen notas (30) gemaak van wat ek self gesê het of wat die kolonel gesê het

nie.

En alhoewel sekere van die dinge wat hier neergeskryf is 'n opsomming is van wat gebeur het, is dit nie 'n ware prentjie van wat daar gebeur het nie. -- Ek sal graag wou weet, kan u net vir my die besondere punte meld?

Ja, ek het alreeds twee gemeld? -- Ja, wel, ek kan nie daarmee saamstem nie.

En ek wil aan u stel dat die laaste twee is ook nie gemeld nie. Dit is 19 en 20? -- Nee, dit is spesifiek genoem deur dominee Potolo. (10)

Spesifiek? -- Ja.

Sê vir my wie gesê het "Objections were raised in regard to the tri-cameral parliament to the system of central government excluding Blacks." Wie het dit gesê? -- Dit het dominee Potolo spesifiek gesê. I would just like to reply in English. He had said "Look, Mr Louw, it is not so much the concept of local government that the people do not like, but we know there must be Black local authorities, but the point that we really do not like is the tri-cameral parliament and that would come into effect. The problem is the Blacks had not (20) been part and parcel of parliament in 1982 when this Black Local Authorities Act had been passed."

Is that 11 that was said? -- That is what had been said.

Ons sal teruggaan na Afrikaans. Het enige ander persoon enigiets daarop gesê in verband met die driekamer parlement? -- Niemand anders het daarvoor gepraat nie.

Stem u saam dat 20 is nie iets wat iemand gesê het nie, maar dat u daar 'n mening uitspreek? -- Nee, dit is waarop dit neergekom het. They had said the R5,90 is just supplementary. (30)

U het alreeds gesê dat eerwaarde Potolo gesê het wat u

gesê het? -- Korrek.

In verband met die driekamer parlement? -- Dit is korrek.

En hy is die enigste persoon wat daarvoor gepraat het? --
Dit is korrek.

En u het vir ons gesê wat hy gesê het? -- Dit is reg.

En niemand anders het iets daarvoor gesê nie. Dit het u
alreeds gesê? -- Dit is korrek.

Hoe lank het hierdie vergadering geduur? -- Dit was 'n
lang vergadering. Ek sou sê dit kon maklik twee ure geduur
het. (10)

U het vir ons gesê wat eerwaarde Potolo gesê het en as
gevolg van sy verklaring, het u tot die slotsom gekom wat u
as punt nr. 20 neergeskryf het? -- Dit is korrek. Hy was die
hoofspreker gewees.

Ek wil dit in elk geval aan u stel dat dit nie bespreek
was nie en ek weet nie vir watter rede u dit hier geskryf het
nie? -- Die rede waarom ek dit geskryf het, is omdat dit met
my bespreek was. Dit is die enigste rede waarom ek dit neer-
geskryf het. Ek wil net graag die Hof toelig. U sal onthou
Augustusmaand was dit die verkiesing van die Kleurlinge en (20)
die Indiërs. In Augustusmaand 1984 en 3 September het die
onluste uitgebreek. 5 September het ek hierdie vergadering
gehad en dominee Potolo was die hoofspreker en hy het spesi-
fiek gesê die hoofrede vir die onluste is nie die R5,90 soseer
nie. Dit is die ontevredenheid van die Swartstedelinge omdat
hulle nie soos die Kleurlinge en die Indiërs in die parlement
'n sitting kon hê nie.

Hy sal dit beslis ontken. -- U kan kolonel Viljoen ook
vra.

Ek wil aan u stel dat dit nie versoenbaar is met (30)
sekere ander getuienis wat u op 'n ander plek gegee het nie,

maar in elk geval sal ek 'n bietjie later daarvoor praat. Hy was nie 'n verteenwoordiger van enige organisasie nie. Hulle het baie hard na hom gesoek om die plek te neem van dominee Moselane, soveel so dat die polisie ons gaan haal het in Evaton.

Nie om die vrede te probeer hou nie, omdat hy 'n predikant is? -- Hulle het hom gaan haal omdat ek versoek het, hulle het vir my gesê ek moet met die skare praat, toe sê ek ek soek 'n afvaardiging van sewe tot tien mense. Eerwaarde Moselane was die persoon waarna almal gesoek het, hulle kon hom nie (10) kry nie en toe vra hulle vir dominee Potolo om sy plek te neem en saam met hom het ses ander gekom.

Die vraag is of hy enige organisasie verteenwoordig het? -- Sover ek weet het niemand iemand verteenwoordig nie. Dit was 'n afvaardiging van die skare wat met my kom praat het. Daar was nie 'n spesifieke groep wat hy verteenwoordig het nie, behalwe vir die groep wat hom afgevaardig het.

Kan u onthou dat hy gesê het dat hy van mening was dat die mense geen vertroue in die raadslede gehad het nie? -- Ek kan dit onthou. Ek het dit nie spesifiek so genotuleer nie(20) maar as u die hele notule so lees, sal u sien dit kom daaruit voor.

Laat ons nog sien wat u nie genotuleer het nie. Het hy gesê dat die indruk van die mense was dat hulle nie hulle eie besluite geneem het nie, maar dat die owerheid verantwoordelik was vir die besluite wat wel geneem is? -- Wat se besluite word na verwys?

Nee, ek vra u of hy enige - of hy so gesê het?

HOF : Nou moet u dit net duidelik stel. Die hulle, is dit die raadslede wat nie hulle eie besluite geneem het nie? (30)

MNR. BIZOS : Ja.

HOF : Het hy gesê dat die raadslede nie hulle besluite neem nie, maar die owerhede besluit vir hulle? -- Ek kan dit nie spesifiek onthou nie, maar in die konteks, in die gees waarin ek geluister het, kon dit baie maklik gesê gewees het.

MNR. BIZOS : Kan u onthou dat een van die probleme op die 5de was dat die busse nie gebruik was nie en partykeer nie toegelaat is om binne-in Sharpeville te kom nie? -- Op die 5de het die busse nie meer ingegaan nie. want daar was te veel skade gewees op die 3de en die 4de. Ek sou sê van die 3de af al het die busse gestaak, het hulle nie meer ingegaan nie. (10)

Die vraag was, was dit 'n probleem op die 5de? -- Dit was 'n probleem alreeds op die 5de.

Kan u onthou dat eerwaarde Potolo onderhandel het met die skare dat die busse toegelaat moes word om binne-in Sharpeville te kom? -- Ek weet nie wat hy met die skare onderhandel het nie. Ek was nie by gewees nie, maar dit was 'n versoek gewees.

Ja, dit was 'n versoek gewees. -- Dat die polisie moet onttrek en dat die busse weer normaal moet loop om die mense te kan vervoer. (20)

Het eerwaarde Potolo die skare oortuig om uit te gaan en aan die mense te sê hulle moet die busse toelaat om in Sharpeville te kom? Kan u dit onthou? -- Ek weet nie wat hy met die mense gepraat het nie, maar dit was 'n versoek aan my en die volgende dag is dieselfde versoek gerig, waar eerwaarde Potolo dit ook gevra het en ek het dit gereël met Vaal Transport. Ek het dit gereël.

Dit was as gevolg van die optrede van eerwaarde Potolo? -- Dit was sy versoek en ek het daarna geluister en probeer en ek het sukses gehad. (30)

Eerwaarde Potolo het seer sekerlik ook sukses gehad? --

Ja, wel, ons saam het sukses gehad.

Waarom is dit nie genotuleer nie?

HOF : Staan dit nie in punt 6 nie? -- Dit was net kern aantekeninge.

MNR. BIZOS : Dit is so. -- Ek het nie 'n volledige verbatim notule gehou nie.

Dit was 'n versoek wat nie genotuleer is nie dat daar 'n ooreenkoms was en dat die vrede wel herstel is? -- Nee, ek wil dit net regstel. In daardie stadium van die 5de was dit 'n versoek gewees en ek het nog nie met iemand reëlings (10) getref nie. Die volgende dag, die 6de, Donderdag, het ek ook 'n soortgelyke notule opgestel, dit is in my tas, dit is nie by u nie. Ons het dominee Potolo gehad plus 'n sekere groep in Gebied 14 Sebokeng waar daaromtrent ek sou sê 2,000 was, want dit was maklik vyf, ses maal so groot soos die Sharpeville groep en daar was dieselfde versoek gerig en dieselfde middag het ek met Vaal Transport telefonies gereël dat hulle van Vrydag af die busse weer normaal sou laat loop en dit het toe gebeur. Party plekke het die busse ingegaan, party plekke het hulle nog nie ingegaan nie, maar hulle het probeer om (20) so ver as moontlik die busdiens te herstel, maar die 5de het ek nog nie met iemand reëlings getref nie. Ek het kennis geneem van die versoek.

In elk geval, die skare is op 'n vreedsame manier weg op die 5de? -- Nadat ons samesprekings gehad het met die groep van sewe, het dominee Potolo en sy afvaardiging van ses teruggegaan na die mense toe en hulle het met die mense gepraat in 'n Swarttaal. Ek was nie by gewees nie en ek het die indruk gekry dat die mense toe uitmekaar uit is, sonder enige probleme. (30)

Voor eerwaarde Potolo weg is, kan u onthou dat u onderneem

het om 'n datum vas te stel vir 'n vergadering tussen die raadslede, die beamptes en die verteenwoordigers? -- Dit is korrek. Ek dink dit is hier genotuleer dat daar 'n versoek was deur - dat daar 'n vergadering met die Ontwikkelingsraad gehou moet word. Die volgende dag, die 6de, het ek 'n soortgelyke versoek gehad en ek het dit toe gereël vir 8 September en ek het die notule en wie almal dit bygewoon het.

Ons praat net van die vergadering? -- Nee, dit is korrek.

HOF : Verwys u na punt 7? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : U het voorheen getuienis gegee in die Hoogge-(10) regshof voor Sy Edele HUMAN, W.R. te Pretoria. -- Dit is korrek.

In die saak van S v DHLAMINI EN ANDERE? -- Dit is korrek.

Ek sal 'n paar vrae en u antwoorde uitlees en ek wil u vra om te erken dat dit is wat gesê is. Ek is jammer, Dhlamini was die oorledene in daardie saak.

COURT : Who was the accused?

MNR. BIZOS : Sephatsa.

COURT : Have you got a number of that case?

MR BIZOS : We can get it. Dit is op bladsy 39. U is (20) gevra deur die advokaat vir die verdediging "Mr Louw, will you agree that if one strikes a match, one cannot burn anything unless there is something there to burn, such as wood or timber or something like that, obviously? - I agree with that." "Will you not agree that there must have been something in the community to respond to in the way we have seen with these unfortunate riots, some deep sense of grievance, something that could have led to people to behave in the way that they have done it. It could not have been anything trivial. It must have been something of fundamental impor- (30) tance and of great grievance to set alight as it was. Will

you agree with that? - My Lord, I would agree with that 100%. I could just perhaps tell you why I - sorry, I would not agree 100%. I could just perhaps tell you why I do not agree. If you will allow me, My Lord, I must say it had come to my ears many times - many a time that the night of 2 September there had been buses coming from elsewhere and Combi's from elsewhere outside the Lekoa area with a lot of youths into it coming to Sharpeville and Bophelong and Sebokeng to start the riots, to start it. It was not started so much by the people inside. It could have been a small percentage, a small (10) group who had worked hand in hand. That might be so, but it had come from outside. It had been inspired by subversive elements from outside." "This you are basing on reports given to you? - Yes, from the people I had been discussing it with." Is dit die getuienis wat u gegee het? -- Dit is die getuienis wat ek gegee het. Ek wil graag daarby volstaan.

HOF : Hoe diepgaande was die ondersoek om u te lei tot hierdie konklusie? -- My algemene waarneming was dit gewees, dat ek kan nie verstaan hoe kan mense vir R5,90 werklikwaar die onluste genereer wat daar geheers het in die Vaal Driehoek (20) nie, daar die vorige jaar 'n inkrement van R9,90 was en daardie jaar was daar 'n R5,90 verhoging en ons het met die mense konsultasies gehad, ons het met almal gepraat en eerlikwaar, ek kan dit vandag nog nie verstaan dat 'n R5,90 verhoging kan aanleiding gee tot moord en doodslag nie.

Maar was dit nou die rede vir u konklusie wat aangehaal is deur mnr. Bizos? Kyk, u sê dat op die nag van 2 September daar busse en Kombi's van elders gekom het met 'n klomp jeugdiges wat die onluste aan die gang gesit het. -- Dit is korrek.

Ek wil weet, het u dit self uitgedink, het u dit gehoor(30) of is dit maar 'n afleiding wat u maak van die feit dat u nie

kan dink dat daar onluste kom oor 'n bedrag van R5,90 nie? --
Nee, ek het dit verneem van een van die vragmotorbestuurders
wat tans nog - ek vermoed hy werk nog by Lekoa se Stadsraad
wat dit aan my spesifiek vermeld het. Hy het vir my gesê as
ek dit net aan die Hof kan vermeld. Ek dink dit was die oggend
of die middag van 6 September toe daar vier Ministers besoek
afgelê het. Dit was mnr. FW de Klerk, Gerrit Viljoen, Louis
le Grange en generaal Magnus Malan. Ek het toe net teruggekom
van die samesprekings met die 2,000 mense af. Ek sou sê
omtrent drie weke daarna het 'n dorpsbestuurder na my toe (10)
gekom en gesê "Mnr. Louw, ek het vandag 'n man in my kantoor
gehad wat gesê het op 6 September, daardie dag toe die Minis-
ters besoek afgelê het, het daar 'n helikopter oor die mense
gedraai laag in Gebied 14. Toe het daar jeugdiges uitmekaar
uit gehardloop, want die polisie was besig om die mense uit
mekaar uit te probeer jaag. Toe hardloop daar twee geel T-
hemde aan met UDF ... " (Hof kom tussenbei)

Nee, nee, wag, die ding ruk nou heeltemal handuit. Ek
wil nie weet wat ander mense vir u gesê het nie. Ek wil net
die basis weet van u opmerking dat op die nag van 2 September(20)
busse en Kombi's ingekom het en u is nou al by 6 September
en by 'n helikopter.-- Dit is hoe ek by die afleiding gekom
het. Ek probeer dit net toelig wat gesê was en hoe dit gesê
was.

Ja, maar in u afleiding sleep u so baie dinge by wat
ontoelaatbaar is in die saak en waarvoor ek my ore moet sluit,
want hierdie saak mag nie op hoorsê gegrond wees nie. -- Ek
het net die een getuie wat ek kan roep, net die een persoon.

Met ander woorde, basies het u van een persoon gehoor wat
vir u gesê het dat op die 2de busse en Kombi's ingekom het (30)
met jeugdiges? -- Ek het dit van ander mense af ook gehoor

in die wandelgange.

MNR. BIZOS : Ek wil na 'n ander punt gaan. Sal u saamstem dat elke jaar van 1977 af toe daar 'n verhoging van die huurgeld was, daar soortgelyke beloftes was aan die mense dat die verhoging nodig was vir die fasiliteite wat beskikbaar gestel moet word? -- Elke jaar het ek so 'n omsendbrief aan al die inwoners gestuur waarin ek dit gemotiveer het.

Was die beloftes altyd dieselfde? -- Die beloftes was altyd dieselfde gewees. Ek wil dit net kwalifiseer. In die laaste sewe jaar het ons elke jaar kapitale projekte (10) geprogrammeer wat gehonoreer is, wat ons uitgevoer het. So, die geld, die verhoging in huurgeld het ons elke slag gebruik om verskillende projekte mee te finansier, onder andere het ons in 1980 die hele Sharpeville geëlektrifiseer en die hele Sharpeville met wateriolering toegerus tot en met 'n bedrag van om en by R12 miljoen.

Wanneer was dit? -- In 1980.

Maar is al die beloftes wat gemaak is elke jaar uitgevoer? -- Daar mag soms projekte wees vir een of ander rede wat nie aangepak kon gewees het nie of wat nie gerealiseer het (20) nie. Sommige van hulle kon nie, omdat die beplanning nie heeltemal korrek was nie, maar in die breë gesien sou ek sê omtrent 90% van alle kapitale projekte wat gesien was op die begrotings is elke jaar voltoci.

Is daar nie 'n deel van Sharpeville wat nie elektrisiteit het nie? -- 'n Klein gedeeltetjie het gehad. Ek sou sê omtrent 40% as ek so uit die vuis kan onthou, ongeveer 40% of selfs minder was geëlektrifiseer. Die res het nie elektrisiteit gehad nie. Ons het elektrisiteit voorsien, beter water voorsien en waterriolering en dit was 'n totale bedrag van om (30) by R12 miljoen.

In elk geval, die Stadsraad stuur nie rekenings uit vir die huurgeld en die ander deel van die geld wat moes inbetaal word nie? -- Ons het dit nooit gedoen nie. Ons doen dit nou.

Dit is nooit voor 1 September gedoen nie? -- Ons het. Die water- en ligterekenings waar die water en die ligte gemeter is, elektrisiteit waar privaat huise is en ook huise wat verhuurde huise is, maar waarvan die elektrisiteit gemeter word, het hulle water- en elektrisiteitsrekenings gekry, maar hulle het nie rekenings gekry vir huurgeld nie, maar dit word nou gedoen. (10)

Voor 1 September was dit die gewoonte van die mense om die huurgeld te betaal en hulle is gesê hoeveel hulle moet betaal? -- Enige persoon wat 'n huis huur, as hy die huis die dag kry en die permit word aan hom toegeken, dan sê die dorpsbestuurder vir hom "Man, jou huurgeld is dit, jou dienstegeld is dit, jy moet R50,00 deponer vir elektrisiteit" en daar word vir hom gesê en daarna kom betaal hy. Hy kry nie elke maand 'n rekening vir sy huur- en sy dienstegeld nie. Dit word aan hom gesê as die permit uitgereik word.

As 'n persoon gaan om sy huurgeld te betaal, is hy 'n (20) kwitansie gegee na hy betaal het? -- Ja.

Ek wil vir u vra of op 1 September die verhoogde huurgeld deur enige persone betaal was of nie? -- Ek dink in Bophelong het ons die fout gehad van 'n dorpsbestuurder ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Al weer 'n fout?

HCF : U moet eers wag vir die antwoord, mnr. Bizos. -- In Bophelong het ek die terugvoering gekry was daar 'n dorpsbestuurder wat ek onmiddellik verplaas het wat die verhoogde huurgelde reeds begin hef het, alhoewel dit nog nie in die (30) Staatskoerant afgekondig was nie.

MNR. BIZOS : Net by Bophelong? -- Sover ek kan onthou was die klagte net by Bophelong gewees. Dit mag wees dat daar op 'n baie klein skaal elders dit kon gebeur het, maar wat tot my kantoor gerapporteer was, was dat die dorpsbestuurder in Bophelong het aangedring op die verhoogde huurgeld.

Waarvan sou hy die idee gekry het om die verhoogde huurgeld te probeer insamel? -- Almal het geweet daar word 'n verhoging geantisipeer vir R5,90 met die verhogingsdatum geantisipeer van 1 September af en almal het die briewe aan die huise uitgedeel en die dorpsbestuurder het maar ter goeder (10) trou aanvaar dit gaan in elk geval deurkom, so laat die mense in elk geval maar begin betaal, maar dit was natuurlik heeltemal verkeerd gewees.

Is u in staat om te erken of te ontken dat mense op 1 September gesê is as hulle nie die verhoogde huurgeld betaal nie, sal hulle uitgesit word?-- Ek kan nie daarvoor enige bevestiging gee nie.

Wie was die persoon by Bophelong wat die fout gemaak het? -- Dit was mnr. Janjetich, maar ek het hom toe verplaas. Ek het hom ook nie na sy sekondering goedgekeur na die Stads-(20) raad toe nie. Hy is heeltemal terug Ontwikkelingsraad toe. So, hy is heeltemal losgemaak van die Swartadministrasie.

Wat van die deposito van R50,00? -- Dit is 'n deposito wat deur die Vaal Driehoek se Gemeenskapsraad die vorige jaar opgeskuif het van R40,00 na R50,00 toe en my advies aan alle dorpsbestuurders was gewees alhoewel dit op is met R10,00 moet die mense dit omsigtig, die R10,00 wat kort is inbetaal, maar mnr. Janjetich het verder gegaan. Hy het vir die mense gesê julle moet eers die R50,00, die R10,00 wat julle kort is inbetaal voordat jy jou huur- en dienstegelde begin (30) betaal, alhoewel ons vir die persoon gesê het daar word 'n

verhoging geantisipeer, so moenie nou die R50,00 afdwing nie. Mettertyd kan die inwoners die R10,00 wat kort is begin betaal, maar hy het daarop aangedring, hy was absoluut rigid gewees en dit is waar ons 'n probleem gekry het. Dit is in daardie woongebied.

Volgens die getuienis voor die Hof, het die raadslede van Bophelong nie eers geweet van enige besluit om die deposito te verhoog nie? -- Dit was 'n besluit vir die Vaal Driehoek se gemeenskapsraad die vorige finansiële jaar. Dit was nie deur die Stadsraad verhoog nie. (10)

Is u in staat om te erken of te ontken dat mense gesê is dat as hulle nie die verhoogde deposito betaal nie, hulle uitgesit sou word? -- Nee, ek kan dit nie bevestig nie.

Ken u mnr. Jacob Venter? Hy is van Vereeniging, die prokureur? -- Ek weet nie wie Jacob Venter is nie. Kan ek net hoor van watter groep prokureurs is hy? As ek dit mag vra?

McLachlan, Porter en Venter? -- Ek ken net 'n mnr. Van Rensburg baie goed van McLachlan, Porter en Venter. Hy het voorheen saam met my gewerk en hy het later 'n prokureur geword, maar Venter spesifiek kan ek nie onthou nie. Ek mag miskien vantevore met 'n handelskomiteevergadering kon daar 'n prokureur gewees het wat namens iemand kon opgetree het van McLachlan, Porter en Venter, maar as ek hom nou moet sien in die dorp sal ek hom nie ken nie en ek kan hom nie spesifiek in herinnering roep nie. (20)

Kan u miskien verduidelik waarom mnr. Venter die enigste aandeelhouer en die enigste direkteur van die Letana (Edms.) Bpk. maatskappy is, die maatskappy wat dosyne drankwinkels in u gebied gekoop het? -- Ek het gehoor van die Letana Company. Dan sien ek onder Letana Company en onder hom sien ek Mgcina of Letana Company en Mofokeng. Wie die Letana Company is, (30)

weet ek nie. Ek ken die Venter glad nie wat dit aanbetref nie. Ek neem aan dit was een van die tenderaars gewees, maar ek weet nie wie die Letana Company is nie.

Een van die tenderaars?-- Wel, ek neem so aan.

Dit lyk of hy een van die tenderaars was, maar het u ooit probeer uitvind waarom mnr. Venter die enigste aandeelhouer en die enigste direkteur van 'n maatskappy is wat blykbaar 'n front vir 'n aantal raadslede was? -- Ek weet nie wat Letana is nie en ek het nie vasgestel wie hy is nie. Ek hoor vanoggend vir die eerste keer van 'n Venter. Dit is absoluut 'n saak (10) wat deur die Ontwikkelingsraad geprosesseer is, maar ek het self nie gaan vasstel wie Letana is nie. Ek het aanvaar dit kom van die Ontwikkelingsraad af, hulle het op 14 Junie daar-oor besluit en as dit 'n maatskappy is, neem ek aan dit is 'n maatskappy wat geregistreer is deur die Registrateur van Maatskappye, maar ek het nie vasgestel wie die aandeelhouers en wie mnr. Venter is nie.

Dra u enige kennis van die Martin Louw maatskappy? -- Nee, ek ken nie die Martin Louw maatskappy nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Louw, ek wil u (20) net verwys na AAQ(19). U het gister getuienis daarvoor gegee toe My Geleerde Vriend u daarvoor gevra het. Ek wil net vir u vra wat behels daardie punte 1 en 2 se kostes en waarvoor daar belasting gehef word?

HOF : Is dit nou die punte "water, electricity and other services"? Is dit daardie item wat u na kyk onder "account"?

MNR. JACOBS : Dit is reg. Onder hierdie 1 en 2, miskien kan ek dit vir u kort vra, is daar enige salarisse en lone daarby ingesluit? -- Salarisse en lone gekoppel aan - ek weet nie presies waar u nou in die dokument is nie. (30)

Dit is die memorandum, die voorblad is die brief self

en dan net agter hom is die memorandum.

HOF : Daar staan "Increases in stand rental structure."

Onder account is daar drie items "water, electricity and other services, maintenance and upkeep of roads, capital." Nou wil die geleerde advokaat van u weet is daar salarisse ingeslote in daardie items? -- Orals is daar 'n administratiewe - ons maak voorsiening vir administrasie en dit impliseer salarisse en lone. As ek dit miskien net so kan verduidelik. Die hele R39,30, as u dit sou afbreek, dan kry u verskillende elemente en dan onder elektrisiteit sal u byvoorbeeld kry (10) dit is 'n bedrag, maar in die bedrag is daar ingeweef 'n bedrag vir administrasie. As u kom na vullisverwydering toe "Refuse removal" as 'n element van die R39,30 - ek het nou nie die R39,30 se afbrekings hier by my nie.

Maar waar is die R39,30? -- R39,30 plus die R5,90.

Kom ons bly nou maar by die dokument wat voor ons is. -- Daar sal 'n deel wees wat daar ingeweef is.

Nee, maar as u kyk na "reason for increase" staan daar teenoor "water, electricity and other services, increased prices and maintenance cost." As u kyk teenoor "maintenance(20) and upkeep of roads", staan daar "increased salaries, vehicle costs and miscellaneous expenses." Nou wil dit daarvan voorkom asof die verhoogde salarisse net behels het onderhoud van paaie en asof dit nie val by elektrisiteit en ander dienste nie. -- Daar by "maintenance and upkeep of roads" het hulle spesifiek 99c - ek neem aan die bestaande element vir die instandhouding van strate het hulle verhoog met 99c, wat die salarisse deel verteenwoordig van die instandhouding van paaie en strate, maar die kapitaal "erection of capital project is explained hereunder." Daardie R7,01 is vir 'n bedrag wat (30) spesifiek gemerk is vir kapitale projekte en in die kapitale

projekte sal daar 'n loonstruktuur ingeweef wees, alhoewel dit nie in hierdie dokument spesifiek so verklaar word nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Water, elektrisiteit en ander dienste, punt 1, mense werk seker daar of werk daar nie mense nie? -- Ja, daar werk mense.

En mense werk ook by die onderhoud van paaie? -- Dit is korrek.

Punt 2. As die mense wat by die water en elektrisiteit werk nie salarisverhoging kry nie, maar die mense by die paaie kry salarisverhoging, het u dan ... -- Dit gaan nie (10) heeltemal oor salarisverhogings nie. Soms as 'n mens 'n begroting opstel en die jaar is om, dan sien jy die fondse wat jy toegedeel het vir 'n sekere element, was te min gewees en die volgende jaar moet jy dit regmaak. Dan voorsien jy bietjie van 'n verhoging op daardie spesifieke element. Ek is jammer die stadstesourier is nou nie hier vandag nie. Hy is eintlik die man wat hierdie goed baie beter kan verduidelik, maar dit kom daarop neer dat een jaar kan jy dalk 'n oorskot kry by administrasieposte sê vir regsdiensies. Sê nou maar ons het te veel daarvoor begroot, ons het geen regsdiensie (20) nodig gehad nie, die volgende jaar sien ons ons het soveel begroot, die werklike uitgawes teenoor daardie pos was nul gewees, dan haal ons dit heeltemal af of ons verminder dit met 50%, maar soms kan dit dalk heelwat te min wees. Dan moet ons weer 'n bietjie aanlas.

MNR. JACOBS : Die tweede aspek wat ek net by u wil weet is. U was gevra omtrent die aspek oor die huur van die winkels wat aan die Raad behoort en u het begin om te verduidelik wat 'n klas C winkel is. Ek wil net hê dat u moet dit vir ons duidelik stel, want u het dit nie vir ons heeltemal duidelik (30) uitgespel wat is 'n klas C nie. U het gepraat dat daar is twee

klasse klas C. -- Daar is twee soorte winkels. Laat ons net dit eers duidelik kry. Daar is privaat winkels wat mense self gefinansier het by wyse van 'n bank of by wyse van besparings, maar hy het dit self opgerig en die gebou behoort aan homself. Dit is 'n privaat winkel.

Het hy 'n klas om dit dan nou net so duidelik te maak? -- Ons kom nou-nou na die klas toe. Die tweede groep winkels is winkels wat die Administrasieraad in die verlede opgerig het met Gemeenskapsboufondse en daardie winkels word verhuur. So, ons het privaat winkels en raadswinkels wat verhuur (10) word. Die winkels, altwee groepe saam, word verdeel in drie kategorieë.

HOF : Voordat u daarby kom. Albei die soorte winkels staan op 'n perseel? -- Ja.

En ten aansien van daardie perseel is daar 'n "site rental" wat betaalbaar is. Is dit korrek? -- Ek kom nou soontoe. Alle winkels, hetsy privaat hetsy raad is verdeel in drie kategorieë. Kategorie A, kategorie B en kategorie C. Die rede daarvoor is dat daar is onderskeid getref in die lewensvatbaarheid van die winkels. 'n Slaghuis byvoorbeeld of 'n (20) mediese spreekkamer sou kwalifiseer vir kategorie A. 'n Algemene handelaar of 'n kafee sal kwalifiseer vir kategorie B. Dan 'n droogskoonmakerdepot of 'n haarsnywinkel of 'n groentewinkel of 'n melkdepot sal kwalifiseer vir kategorie C. Indien dit 'n privaat winkel is en 'n kategorie A winkel, dan betaal daardie eienaar 'n handelsperseeluur van R122,00 aan die Stadsraad.

Per maand? -- Per maand. Bo en behalwe die R122,00 natuurlik betaal hy sy water en ligte, maar dit is nou nie ter sprake nie. Hy betaal R122,00 - 'n handelsreg van R122,00(30) aan die Raad, maar as dit 'n raadswinkel is en hy word verhuur

dan het die Ontwikkelingsraad sy huurgeld geneem en die ekonomiese huurgeld bepaal en in die ekonomiese huurgeld is die R122,00 ingevleg. So, sy huurgeld as dit 'n raadswinkel is en hy huur hom by die Ontwikkelingsraad of nou by die Stadsraad dan betaal hy 'n ekonomiese huur wat twee elemente bevat en die een is die ekonomiese huur en die ander een is R122,00, handelsperseelhuur, wat ingeweef is.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Dus kan dit nooit minder wees as R122,00 nie? -- Nee, ek kom nou daarby. Daar is etlike van daardie winkels wat minder as dit is. (10)

HCF : Van kategorie A winkels? -- Van kategorie A wat nou 'n raadswinkel is, want die R122,00, die B groep is R73,00 en die C groep is R19,00, dit is nie konsekwent in die huurgeld ingeweef nie, slegs 'n deel daarvan. Hoe hulle dit bepaal het in die jare toet, kan ek nie sê nie, maar dit is 'n ding wat ons geërf het. Ons het dit geërf van die Ontwikkelingsraad af, die A, B en C.

Wag nou, etlike raadswinkels sê u is minder as die R122,00. Is dit nou reg? -- Die huurgeld van A winkels - ek sal vir u moet gaan voorbeelde uithaal ... (Hof kom tussenbei) (20)

Dit is nie nodig nie. Ons kan dit daarby laat. Is dit so dat waar 'n privaat persoon wat sy eie besigheid opgesit het, sy eie gebou gebou het R122,00 per maand betaal, betaal iemand wat die gebou huur soms meer as R122,00, maar soms ook minder as R122,00? -- Ek sou daarby volstaan.

En nou by klas B, wat is die perseelhuur? -- Dit is R73,00 "trading site rental", 'n handelsreg van R73,00.

En by klas C? -- By klas C is hy R19,00. As ek dit net kan toelig. Ek weet van verskillende klas C tipe winkeltjies wat bestaan uit 'n stoorkamer wat aan die Ontwikkelingsraad (30) behoort. Dan word hy verhuur teen 'n nominale bedrag, sê

omtrent R12,00 'n maand. So, die R19,00 is nie ten volle ingevleg nie. Dit is hoekom ek sê, my aanneme by C weet ek spesifiek en ook by A en ook by B is dit so dat sommige van die huurgeld is minder as die onderskeie handelsperseelreg van R122,00, R73,00 en R19,00 onderskeidelik.

Kan 'n mens dit opsom dus dat as 'n mens van buite af na die prentjie kyk, dit ontsettend deurmekaar lyk? -- Dit is deurmekaar.

En onbegryplik? -- Wel, ek kan dit begryp, maar vir die algemene leser is dit baie deurmekaar. Dit klink ook (10) onregverdig.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Maar u sê dit het te doen met die lewensvatbaarheid van die besigheid? -- Ja, hoe meer lewensvatbaar hy is hoe nader kom hy aan A.

HOF : En dit is iets wat u geërf het van die Administrasieraad? -- Dit is van die Ontwikkelingsraad af geërf.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Mnr. Louw, net een vragie, asseblief. Vanaf ongeveer September 1984, die presiese datum maak nou nie saak nie, word daar nie meer sogenaamde huurgelde betaal nie? -- Ek sal darem nie sê daar word niks betaal nie. (20) Ek sou sê omtrent so 16 na 18% van die inkomste kry ons nog in. Party mense stuur dit per tjek, party kom betaal self, party werkgewers trek dit nog af en ons kry nog deur die pos geld in, maar ek sou sê omtrent 18% betaal.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : U skrywe as stadsklerk van Lekoa aan werkgewers in die Vaal Driehoek gedateer 2 Augustus hier by ons ingehandig en gemerk BEWYSSTUK AAT(9). Ek gaan dit nie aan u voorlê nie. Ek wil net graag vir u een paragraaf hiervan voorlees. Dit is die vierde paragraaf van bo af. Dit lees soos volg "Employers are also kindly requested to (30) take the above increases in house rentals and service charges

into consideration when any increases in remuneration for the employees are being considered for the 1984/1985 financial year." -- Dit is korrek.

Waarom het u die betrokke paragraaf in die brief ingesit? -- Ons Stadsraad het by sy begrotingsvergadering besluit dat alhoewel die ekonomiese klimaat redelik laag is, daar is natuurlik mense wat nie werk het nie, het hulle gesê hulle wil probeer twee dinge op die R5,90 te laat implementeer. Die eerste een dan self die R1,9 miljoen wat gesubsidieer is, maar om die R5,90 makliker te maak vir die mense om te (10) betaal het hulle gesê as ons nou met die werkgewers kommunikeer met die omsendbrief, moet ons vir hulle sê hulle moet die geantisipeerde verhoging met die werkeeraad bespreek sodat die werkers op die vloer kennis neem daarvan en aan die ander kant is die werkgewer in dieselfde brief baie mooi gevra dat omdat daar 'n verhoging is, sal ons dit waardeer as hulle dit darem ook in gedagte hou, want ons weet normaalweg is daar 'n jaarlikse verhoging in salarisse. Hulle moet darem net daarvan kennis neem.

Is dit eerste maal wat u so 'n versoek rig of was dit (20) vantevore ook gedoen? -- Nee, ons het al vantevore in die Vaal Driehoek Gemeenskapsraad se tyd sulke omsendbriewe uitgestuur, met 'n soortgelyke versoek by wyse van 'n brief sowel as by wyse van vergaderings met die Vaal Nywerhede vereniging en die Vaal Chamber of Commerce and Industry. Ek woon 'n maand- vergadering by waarin ek gewoonlik vooraf met die Vaal Nywerhede vereniging se verteenwoordigers skakel en sê vir hulle hier kom 'n verhoging, onthou net ons gee vir julle briewe uit en aan die ander kant bring dit deur na julle bestuur toe, indien daar 'n verhoging in salarisse kom, neem in gedagte (30) daar is ook 'n verhoging in huurgeld. Dat ons net probeer

dat hierdie twee dinge saamval. Dit is waarom ek gister gesê het ons het probeer.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Louw, hoe verwarrend die prentjie in verband met besigheidspersoneel ook al is, was daar enige rede waarom die huurgelde vir besigheidspersoneel nie verhoog was nie? -- Ek het gister probeer verduidelik. Die grootste aantal besigheidspersoneel is in Sharpeville, Boipatong, Bophelong wat relatief baie naby aan Pick 'n Pay is. Die ander groep is in Sebokeng wat ook relatief naby is. Ons het 'n opname laat maak deur die Buro vir (10) Ekonomiese Navorsing van die Departement Samewerking en Ontwikkeling, dit is die Bensus(?) verslag, waarin die Bensus verslag gesê het daar is te veel mense wat hulle koopkrag bestee in die Blankegebiede. Hulle het verskeie redes daarvoor gehad en daarom ly die Swartsakelui, kan hulle nie heeltemal van die grond af kom nie en ons Stadsraad het gevoel dit is ons eerste jaar aan bewind, die inkomste uit verhuurde eiendomme uit is relatief baie laag tot ons inkomstebegroting van om en by R40 miljoen. So, om dit nou al te implementeer het hulle gesê dit sal miskien 'n bietjie die kar voor die (20) perde span, dat ons net so 'n jaar of twee aan bewind is, dan sal ons begin mettertyd om die besighede ook hoër te belas.

Het een of ander van die raadslede die Raad se aandag gevestig op die feit dat party van die lyende besigheidsmense rondry met Mercedes Benz motors? -- Hulle het dit nie so spesifiek gesê nie.

HOF : Spruit die vervoer van die besigheidsmense uit die vroe van die Hof?

MNR. BIZOS : Geen verdere vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

(30)

MNR. JACOBS : Die volgende getuie is Sebeho Petrus Mhmohajane.

HCF : Waaroor gaan die getuie getuig?

MNR. JACOBS : Dit is 'n raadslid wat gaan getuig. Paragraaf 77 15.4 en dan pagina 360 en verder tot 361 en dan ook in die algemeen 'n prentjie van die Vaal.

SEBEHO PETRUS MHMOHAJANE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Mhmohajane, jy was gedurende - voor 1983, voor die verkiesing, was jy 'n lid van die Gemeenskapsraad en het jy Wyk 12 Gebied 7A Sebokeng verteenwoordig? -- Ja, dit is korrek. (10)

Totdat hulle afgeskaf was in 1983? -- Dit is so.

Die verkiesing wat daar gehou was op 29 November 1983 vir die verkiesing van die nuwe rade volgens Swart plaaslike besture, het jy gestaan as 'n kandidaat in daardie verkiesings? -- Ja, dit is so.

Wou jy aanvanklik gestaan het as 'n kandidaat en deelgeneem het aan die verkiesing? -- Ja.

In die verkiesing wat daarna gevolg het op 29 November 1983 is jy verkies? -- Ja, ek is.

Vir watter wyk? -- Gebied 7. (20)

En die wyk? -- Wyk 16.

Net om duidelikheid te kry, voor dit het jy gestaan in Wyk 12 van dieselfde gebied. Hierdie 12 is dit net 'n verandering van die nommer of is dit in 'n nuwe wyk wat jy gestaan het? -- Wat verander het, is die benaming van die wyk, dieselfde wyk wat vroeër in die gemeenskapsraad was was 12 en tans is daardie wyk 16.

Waar het jy gewoon in 1983/84? -- 1034A Zone 7, Sebokeng.

Is daar ander raadslede wat naby jou woon? -- Dit was nie baie naby gewees nie. (30)

Wie is die naaste raadslid aan jou? -- Samuel Buthelezi

